UITGAWE 6 | JAARGANG 22 | 12 APRIL 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## OPSTANDINGSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


**03 VRYPOS-FOKUS**

**ONDERSTEUNING**
**So maak Helpmekaarbeursfonds 'n verskil** - *'n ma van drie vertel*

**04 ARTIKELS**

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Afrika, kontinent van Lig (Deel 1 van 5)** | *Agtergrond, die tema van die konferensie en die hoofspreker*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**RFF (Deel 7 van 7)** | *Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Werkgroep vir Islam** | *Kontrasteer die Bybel en die Koran in gesprek met Moslems*

**VISIONERING**
**Moderamen** | *Skrywe van die Moderamen aan Gemeentes*

**AFRIKA-EKUMENE**
**NetACT** | *Netwerk van teologiese skole in Afrika heroriënteer hulle*

**ALGEMEEN**
**Inspirerend** | *NG Vishoek se 30 jaar van genade*

**05 VERBI DIVINI MINISTER**

**EREDIENS NETWERK**
**Janke Hurter** | Kom laat ons sing!

NUUT
**07 CLARENS HERMITAGE**

**LEIERSKAP NETWERK**
**Jan Venter** | 'n Netwerk van dagstappe rondom Clarens

NUUT
**09 UIT DIE FAKULTEIT**

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)**
**Lyzette Hoffman** | *Om ander te sien*

**10 MEDIATEEK**

**BOEK EN INVENTARIS**
**Erwin Schwella** | *Caribuntu - Social Innovation in South Africa*

**11 EKOLOGIE**

**Internasionale Plantwaarderingsdag** | *13 April*

**12 AKTUEEL ALGEMEEN**

- **12** | CLF - Pinksterreeks 2024
- **13** | Skriba-opleiding
- **14** | Advertensies

**16 VERJAARSDAE**

**17 OPLEIDING**

**19 NUUSBRIEWE**
**PUBLIKASIES**
**BROKKIES UIT KERKBODE**

**20 WAT'S NUUS?**
**KALENDER**
**VAKATURES**
**AFLOSLERAARS**

**21 'N LAASTE GEDAGTE**

**Gerhard Meyer** | "Staan op"... want Hy het opgestaan

**22 KONTAK ONS**

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio
Jan Lubbe | Janke Hurter
Lyzette Hoffman
Heléne Meissenheimer
Gerhard Meyer | NetACT
*Getuienisaksie, VrydagNuus*
*Kerkbode* | *CLF* | Missie Japan

---

# OPSTANDINGSTYD

Ons is in die veertig dae van Opstandingstyd, vernuwingstyd waar Jesus pastoraal op 'n besondere manier uitreik na Sy volgelinge ... Hulle versterk, vertroos en bemagtig om draers van HOOP te wees in 'n stukkende wêreld. Die krag van Sy opstanding is dieselfde krag wat ons van God ontvang om in Sy opstanding te glo en dit te bely - so vorm ons die kerk.

# DAGBOEK DÍT

***Neem, lees ...***
**2 - 4 September 2024**
**VBO vir predikante**
Moolmanshoek, Rosendal-distrik. *Meer info volg later.*

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 26 April**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


## BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za





Helpmekaar Vrystaat Beursfonds (Foto: Canva)

ONDERSTEUNING | HELPMEKAAR

# SO MAAK HELPMEKAARBEURSFONDS 'N VERSKIL - *'n ma van drie vertel*

*Deur Mariëtte Odendaal*

"Ek moedig enigiemand aan om 'n bydrae tot hierdie uiters verdienstelike beursfonds te maak. Jy kan maar vir seker weet dat dit met die uiterste omsigtigheid en verantwoordelikheid volgens meriete toegeken sal word. Vir ons as ouers met drie kinders op universiteit is dit van enorme hulp."

***Elzanne Jansen van Rensburg***
***Ma van drie seuns op universiteit***

Om in vandag se tyd 'n kind op universiteit te kan hê, verg nie net merkwaardige logistieke vermoëns en (soms) byna bomenslike energie nie, maar veral ook 'n dik beursie.

Behalwe dat jy jou rieme ekstra dun moet begin sny, begin jy ook naarstiglik na beurse soek – enigiets wat sal help om die vele laste wat skielik baie swaar op jou skouers begin rus, te help verlig.

So, wat doen jy as jy nie net een nie, maar drié kinders tegelykertyd op universiteit moet laat studeer? As jy gelukkig is, het jy aansoek gedoen by die Helpmekaar Beursfonds en het jy daar die groen lig gekry.

En dit is presies wat Elzanne Jansen van Rensburg, ma van drie seuns op universiteit, gedoen het. Ons het meer gaan uitvind oor die pad wat sy en haar man, Dolf, geloop het.

## Elzanne, vertel vir ons meer van julle drie seuns

"Die tweeling, Lourens en Niël (22) en Nico (19) is al drie in Bethlehem gebore en het hul hoërskool-loopbaan aan die Hoërskool Witteberg, Bethlehem voltooi.

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

VENNOTE IN GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

Afrika, kontinent van Lig | 1

**Agtergrond, die tema van die konferensie en die hoofspreker** »

VENNOTE IN GETUIENIS



*Mariëtte Odendaal*

RFF | Deel 7 van 7

**Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies** »

VENNOTE IN GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Kontrasteer die Bybel en die Koran in gesprek met Moslems** »

VISIONERING



*Ds Jan Lubbe*

Moderamen

**Skrywe van die Moderamen aan Gemeentes** »

AFRIKA-EKUMENE



*Ds Hannes Theron*

NetACT

**Netwerk van teologiese skole in Afrika heroriënteer hulle** »

ALGEMEEN



*Oorgeneem uit Getuienisaksie, Kaapkerk*

Inspirerend

**NG Vishoek se 30 jaar van genade** »

BEDIENINGSBEGELEIDING



# KOM LAAT ONS SING!

***Deur** ds Janke Hurter, Erediens Netwerk*

Musiek lê my na aan die hart omdat my ervaring ook is dat, soos Martin Luther dit stel, "musiek geloof kweek". Alhoewel ek vanuit my liefde vir musiek wil sê: "Kom laat ons sing", sal ons die uitnodiging ook onder gelowiges hoor, veral in hierdie Paastyd, waar ons nie net rede het om te sing nie, maar ook as't ware met 'n nuwe lied in die mond staan. Daar is egter vanjaar nog 'n rede waarom ons as Protestantse kerk kan/wil sê: "Kom laat ons sing!" Vanjaar is dit die 500ste bestaansjaar van die Protestantse liedboek, en ter viering daarvan wil ek graag hier fokus op die liturgiese rol wat musiek speel in die erediens – wat ons verdere rede gee om te sê: "Kom laat ons sing."

In *Waar kom die Afrikaanse gesange vandaan?* skryf Cillié (1983) oor die moontlike gevare wat musiek inhou. Hy verwys na die himnes, 'n andersoortige lied, wat in die vroeë stadium van die Christelike kerk van Grieks-heidense kant af hul verskyning in die kerk begin maak en gewild geraak het. Augustinus het só daaroor geskryf:

*"So dikwels as wat die pragtige sangstem in die kerk my bekoor, eerder as die woorde wat gesing word, moet ek bely dat ek swaar gesondig het, en dan wens ek dat ek die musiek liewer nie gehoor het nie." (16)*

Afgesien van die moontlike gevaar wat musiek inhou, soos Cillié ook noem, wil ek graag ter viering van musiek en die Protestantse liedboek fokus op die bydrae van musiek tot ons aanbidding in die Nederduitse Gereformeerde kerk.

Musiek verhoed dat ons aanbidding iets vreemds vir die alledaagse lewe word.



***Foto: Ds Janke Hurter** (verskaf)*

Lees meer »

NG Kerk
Vrystaat

*'n Volgende geslag se impak in die Vrystaat is onberekenbaar*

## SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

# HELPMEKAAR VRYSTAAT



**Helpmekaar Vrystaat**
gee jaarliks beurse aan studente
Vanjaar het **92 studente** aangeklop
Slegs **R 12 855 per student** beskikbaar

**SKENK VANDAG**

## DONASIES

**NG Kerk Vrystaat** ☑
**Nedbank**
**Takkode: 198765**
**Rek: 1178 097 218**
*Verwysing: Helpmekaar*

Van die aansoekers vir 2024 is voornemende

| | |
|---|---|
| Landboukundiges | 05 |
| Onderwysers | 23 |
| Mediese Personeel | 20 |
| Maatskaplike Werkers | 04 |

tbotha@ngkvs.co.za (051) 406 6700

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




Oorgeneem uit ***Kerkbode,*** deur ***Heléne Meissenheimer***

'n Netwerk van dagstappe rondom Clarens, geselsies met 'n verskeidenheid plaaslike inwoners en sakelui asook – in pelgrimstradisie – die eet en uitspan ná n lang dag ...

Daar was byna 60 jaar in ouderdomsverskil tussen die oudste en die jongste in die mengelmoes-groepie van 13 pelgrims wat onder 'n oorhangrots 'n bietjie skuiling teen donderbuie gesoek het op die eerste stapdag van die proeflopie van die Clarens Hermitage.

Die Basotho's vertel 'n mooi legende oor hoe Clarens se inwoners weet dit gaan reën. Hulle kyk of Setlofe – hulle naam vir berg Horeb, die hoogste piek wat oor die dorp troon – haar wolksluier om het. Volgens die legende was Setlofe, 'n skaam Basotho-nooi, verloof aan Matsa (die Sotho-naam vir Rehbokkop in Golden Gate), 'n Basotho-kryger.

Hy het haar egter in haar liefde verlaat en elke keer as sy daaraan dink, haal sy haar bruidsluier uit en gooi dit oor haar. Maandag, die eerste stapdag, het sy al deur die nag haar mantel styf omgewoel en wyd gegooi. Daarom was die groepie stappers nie op 'n hoë kontoerpad op die oorspronklike bergroete soos wat ds Jan Venter, leraar van Clarens-gemeente, en sy projekspan oorspronklik so noukeurig uitgemerk het vir die eerste dag van die Clarens Hermitage of Toevlug nie. Die moontlikheid van donderweer en weerlig het dít te riskant gemaak.

Die projekspan het daarom besluit 'n korter stap op een van die 10 of 11 staproetes om die dorp is 'n veiliger keuse en dié oorhangrots, waar die groepie dankbaar kon wegval aan die roosterkoeke in hulle snoeppakkies, het net betyds opgeduik.

BEDIENINGSBEGELEIDING

**Lees meer »**

NG Kerk
Vrystaat

## BOEKPROJEK
## TWEEDE FASE

# Afrikaanse digbundels Romans

Vir die tweede fase van ons boekprojek is ons op soek na Afrikaanse digbundels en Afrikaanse romans van skrywers van die Vrystaat (Karel Schoeman, Antjie Krog ens)

**PROF HENCO VAN DER WESTHUIZEN**

hvdw@ufs.ac.za of WhatsApp/SMS na 072 180 8181

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Om ander te sien

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Dr Lyzette Hoffman**
*Geloofsvorming en Jeugbediening in die Departement Praktiese en Missionale Teologie*

VISION130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State Universiteit van die Vrystaat Yunivesithi ya Freistata UFS Theology and Religion

Twintig opgewonde teologie-studente vertrek op 19 Maart na Nampopark, Bothaville vir #Imagine. Hierdie jaarlikse jeugkamp lok honderde tieners vanuit die Vrystaat, die Noord-Kaap en Noordwes. Om presies te wees was daar 1175 kampers uit 58 dorpe, van 165 kerke. Onder hulle was 101 groepleiers en 164 vrywilligers. Die teologie-studente het as vrywilligers gegaan om 'n werkswinkel vir die tieners aan te bied.

Die werkswinkel getiteld "Daardie moeilike gesprekke" wou tieners toerus om hulle vriende in moeilike tye by te staan. Temas soos depressie, tiener-swangerskap, selfmoord, stres, boelies en verslawing is aangepak. Die tieners het van stasie tot stasie beweeg en gesien hoe die studente die temas met rollespel uitbeeld.

Opgewonde gesprekke en oor-en-weer-vrae het gevolg. Die tieners is geleer om die stappe van Gerard Egan se boek *The skilled helper* te gebruik om 'n gesprek met 'n vriend aan te knoop. Die eerste vraag is: "Wat gaan op die oomblik in jou lewe aan?" Dan moet jy jouself afvra wat wil jy verander. En laastens moet jy besluit op aksiestappe om iets te begin verander. Die terugvoer van die tieners was oorweldigend positief. Die interaksie met mense nader aan hul ouderdom was vir hulle baie verrykend. Die werkswinkel se doel was nie om 'n volledige beradingskursus te wees nie, maar het vir die tieners 'n stuk gereedskap in die hand gegee om hul vriende te kan bystaan.

Die Skrifgedeelte van die naweek was Lukas 19:1-10 – die verhaal van Saggeus wat Jesus graag wou sien.

Jesus het vir Saggeus raakgesien. Dit het sy lewe verander. In aansluiting daarby die besef: Jesus sien ons raak. Ons sien mekaar raak – "sawubona". Deur die loop van die naweek het die teologie-studente ook iets raakgesien by die tieners – groot nood onder baie van hulle. Hartseer oor ouers wat hulle seermaak, dinge wat ander by die skool vir hulle sê, die "gemak" waarmee iemand verslaaf kan raak, onnoembare dinge wat in huise gebeur.

"Dit het my geestelike lewe na 'n nuwe vlak getransformeer." "Ek het my roeping herontdek." Dit is sommige van die getuienisse van die studente wat die naweek meegemaak het. Vir die studente was hierdie naweek 'n besondere blootstelling aan praktiese jeugwerk en jeugpastoraat.


Lees meer »

# CARIBUNTU

## *Social Innovation in South Africa*


**Erwin Schwella (editor)**

*ENGLISH / PAPERBACK / EQUIPMENT FOR LEADERS*




*"**The Caribuntu Social Innovation** in South Africa casebook is an insightful book that explores vital themes such as social enterprises, franchising, ministry, and the role of faith-based organisations in delivering social services. Through established case studies, this book offers a deep dive into the experiences and strategies of eleven impactful non-profit and faith-based organisations across South Africa. This book was initiated by the esteemed School of Innovation at Hugenote College in Wellington, South Africa, and it serves as a testament to the innovative spirit driving social change in the region."*

*"Edited by **Professor Erwin Schwella**, a distinguished leader with over 40 years of professional experience, the case studies within offer compelling narratives of successful social economy organisations, highlighting innovative approaches that have reshaped communities and societies. From tackling complex social issues to fostering sustainable solutions, this book showcases the transformative power of strategic thinking and collaborative action. It provides valuable insights for practitioners, policymakers, and scholars alike, offering a comprehensive understanding of the evolving landscape of social innovation in South Africa."*




***Oorgeneem uit** shop.clf.co.za*

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**



# WAARDEER DIE LEWE VAN PLANTE OM JOU

## Internasionale Plantwaarderingsdag

*Oorgeneem uit **www.ecolandscaping.org***

Nadat die welbekende digter DJ Opperman destyds uit ’n diep koma ontwaak en op ’n gevorderde ouderdom weer alle woorde en objekte van voor af moes leer ken, was een van die wonderlikste gewaarwordinge in sy herstelperiode dat daar iets groens met lewe uit die grond kon groei wat ons ‘boom’ noem. Hy was in totale verwondering daaroor; iets wat ons dikwels net as vanselfsprekend ervaar. Kom vier vanjaar **Internasionale Plantwaarderingsdag** saam met ons op **Saterdag 13 April** en staan verwonderd oor die skepping van God. Probeer ook in hierdie tyd om by te dra tot die "plant 1 miljoen bome"-veldtog en plant 'n boom (of bome) tussen nou en die einde van Junie. Jy kan ook in die natuur gaan stap vir ’n ervaring van **forest bathing** in ’n boomryke area naby jou en ervaar hoe jy in hierdie ruimte die nabyheid van Christus ervaar.


Lees HIERONDER.

ECOLOGICAL LANDSCAPE ALLIANCE

**Lees hier »**


2024
Pinksterreeks
Pentecost series
PINKSTERREEKS
PENTECOST SERIES
NUUT
https://clf.co.za/resource-toolkit/
Laai dit van CLF se Hulpbronsentrum af / Download it from CLF's Resource centre
CLF


HARDLOOP VIR
Geletterdheid
Sluit by ons aan vir 'n genotvolle oggend wat meer as net die opwinding van die fisiese uitdaging behels – dis 'n wedloop ter bewusmaking van die sosiale impak wat geletterdheid in gemeenskappe het! Trek jou skoene aan en laat die natuurskoon jou omhels terwyl jy hardloop vir 'n saak van ware belang.
20 April 2024
DelVera landgoed, R44, Stellenbosch, WC
Afstande: 3km (kinders), 5km, 10km, 15km
Skryf in: https://entries.onsite-events.co.za/events/80290-rhythm-run
TRAIL RUN
RHYTHM RUN
DELVERA FARM, STELLENBOSCH
20 APRIL 2024


CARIBUNTU
SOCIAL INNOVATION IN SOUTH AFRICA
A Successful Social Business Case Book
Erwin Schwella (editor)
NEW

**DOEN JY ADMINISTRASIE?** **HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk
Vrystaat

'n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.


## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**


**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

VBO VIR PREDIKANTE

VBO FORUM

# neem lees

**2 tot 4**
September 2024

**Moolmanshoek** Rosendal-distrik

## DAGBOEK DIE GELEENTHEID

*Meer inligting volg later*





Aanbieders

LINDIE KOORTS FANIE CRONJÉ

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## APRIL

**15** Ds Willie Korb
ORANJEVILLE

**19** Mnr Tertius Botha
SINODALE KANTOOR

**19** Mev Celicia McLean
SINODALE KANTOOR

**21** Ds Fanus Henning
AANDBLOEM

**22** Mnr Josua Sebolai
MOOIGENOEG KAMPTERREIN

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE





## EXCELSUS KOM ONS LEES JESAJA

16 - 17 April

20 VBO-punte

Aanlyn-aanbieding
Dr André Bartlett
R110 p/p

Lees meer +
**Registreer** +




## DIVERSITEIT RAAK VEELKLEURIG

18 April

2 VBO-punte

Kerk van die
Toekoms
Webinare 2024

Lees meer +
**Registreer** +



## PASTORALE BERADINGS-KURSUS

28 Mei

5 VBO-PUNTE

Zoom-aanbieding
Prof Wentzel Coetzer
R250 p/p

Lees meer +
**Registreer** +




## BRUGBEDIENING EN GEMEENTE DIAGNOSE

Julie/Augustus

20 VBO-punte

Prof Malan Nel
NG Kerk Suidoos-
Pretoria

Lees meer +
**Registreer** +

COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

# 2024 BRUGLERAAR OPLEIDING

## KURSUS 1

**Module 1** | 6 tot 8 Februarie 2024
**Module 2** | 23 tot 25 April 2024

## KURSUS 2

**Module 1** | 3 tot 5 September 2024
**Module 2** | 12 tot 14 November 2024

**Navrae** | *André Agenbag @* ***agenbag1@sun.ac.za***

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




## Nuusflits

*Missie Japan SA-besoek*

## Publikasie

*Die liefde van Christus dring ons – Missie Japan*

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

## Publikasie

*A Survey of Presbyterian Mission History in Africa*

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

ELDERS GELEES
**Moenie bydraes aan sinode weerhou, vra Lubbe + Datum bekend vir buitengewone sinode in Vrystaat**
*Kerkbode / 10 April 2024 / Nuus*

PODSENDINGREEKS
**#imagine en Pelgrimstog van Hoop se staproetes bied mense hoop**
*Kerkbode / 7 April 2024 / Artikels, Gewild*

**'Skep Christen-gemeenskappe in krisistye! Dit is die les wat ons in die geskiedenis leer' Profiel van John de Gruchy (85)**
*Kerkbode / 7 April 2024 / Artikels*

KYK
**Pelgrim vertel oor kronkelpad tot op die kansel ná 30 jaar in die landboubedryf**
*Kerkbode / 28 Maart 2024 / Artikels*
*Le Roux Schoeman*

**Bystanddood: Prof vertel oor omkeerpad met terminale kanker**
*Kerkbode / 28 Maart 2024 / Artikels, Gewild*
*Helene Meissenheimer*

***Kerkbode Kollig Episode 6 Getuienis 'Ses jaar as gyselaar maak my geloof sterker'***
*Kerkbode / 24 Maart 2024 / Artikels*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**BEROEP** | **Ds André Botha** van NG Gemeente Naboomspruit is as medeleraar na NG Gemeente Bethlehem-Oos beroep.

# “Staan op”... **want Hy het opgestaan**

***Deur ds Gerhard Meyer**, leraar van Kopanong Church en medeleraar van NG Gemeente Langenhovenpark*




**Foto:** *Di Karlie Liebenberg en Gerhard Meyer (verskaf)*

*3 **“Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê...”***

- 1 PETRUS 1:3 AFR20

“Slaan terug” ... ek is seker ’n hele paar van ons onthou hierdie slagspreuk wat ’n bekende politieke party `n paar jaar gelede gebruik het vir hul veldtog.

*“Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê...”*

En dit het gewerk, baie het gevoel hierdie slagspreuk gee uiting aan hul frustrasie, woede en ontstigting rakende die voortgaande verval wat ons rondom ons sien. Ons Here het egter nog nooit optrede vanuit ontsteltenis geregverdig nie. Christus sê nie ‘slaan terug’ nie, Hy sê ‘staan op’. Staan op vir vrede, staan op vir hoop, staan op vir liefde. Om op te staan is altyd moeiliker as om terug te slaan. Om op te staan beteken ek sien meer wat kán wees en is minder wat vasgevang is deur dit wat nou is. Om op te staan beteken ek erken seer en pyn is onvermydelik, maar ek weier om toe te laat dat pyn en seer my verswelg.

Bowenal, om op te staan is ’n getuienis dat dit waarin my lewe gewortel is, nie die leuens van hierdie wêreld is nie, maar die waarheid soos verkondig en geleef deur ons Here Jesus Christus. Die waarheid dat geen teleurstelling, tragedie, trauma of dood die realiteit van die hoop te vinde in Sy opstanding sal kan oorwin. Hy het opgestaan, Hy leef en Hy het ons almal lief. Mag ons dieselfde doen, waar ook al ons gaan en met wie ook al ons in aanraking kom.

**Lees hier »**



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

NG Kerk
Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

DEPARTEMENT
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING